



Inhoudsopgawe

'N EERSTE IN 2007 EN WEER IN 2014 ... /VERVOEREKONOMIE EN LOGISTIEK TEKEN NOG 'N EERSTE AAN



Van voor links: Mnr Frenk Monnagaaratwe (Junior Lektor), me Abigail Mooketsi (Junior Lektor) en mnr Arthur Mapanga (Lektor). Van agter links: Mev Karen Visser (Programbestuurder), mnr Keletsamaile Motatsa (Lektor) en prof Kobus Cronjé (Medeprofessor).
Afwesig: Mnr Ofentse Mokwena (Junior Lektor)

Die programme BCom Vervoerekonomie en BCom Logistiekbestuur se suksesverhaal het in 2003 begin toe die Nasionale Departement van Vervoer me Karen Visser gewerf het om dié programme op die Mafikengkampus te begin. Van meet af was daar groot belangstelling en Karen en een ander voltydse personeellid moes omtrent bontstaan.

In 2007 was hierdie programme ook die eerstes op die Mafikengkampus om 'n eksterne progamevaluering (EPE) te ondergaan. Een van die hoofbevindings van die EPE-paneel was dat die tekort aan personeel aangespreek moes word. Die Mafikengkampusbestuur het die aanbevelings ter harte geneem en in só 'n mate in die program geïnvesteer dat dit tans een van die vlagskipprogramme van die kampus is met sewe voltydse personeellede.

In 2011 het 'n rekordgetal van bykans 200 eerstejaarstudente geregistreer, en sedertdien het studentegetalle gestabiliseer op ongeveer 100 eerstejaars per jaar. Die programme het in Oktober 2014 weer 'n eksterne evaluering ondergaan en die eerste voorgraadse programme van die NWU in geheel geword wat 'n algemene aanprysing gekry het. Onder Karen se bekwame leiding gaan die vakgroep steeds van krag tot krag. Navorsingsuitsette neem toe en vanaf aanstaande jaar sal honneursprogramme ook aangebied word. Die vakgroep voorsien groot dinge vir die toekoms – hou dié spasie dop!

Beste leser,
Hierdie nuusbrief bied 'n vlugtige perspektief op die gehalteverskering van akademiese programme en ondersteuningsdepartemente by die NWU. Hiermee word gepoog om elkeen se verantwoordelikheid binne die konteks van akademiese en/of ondersteuningsdienste te beklemtoon. Stuur asseblief enige navrae en kommentaar aan Tommy Pietersen

(tommy.pietersen@nwu.ac.za)

Etiese korporatiewe bestuur:

Hoe gedra universiteite hulleself?

Die jaarlikse Strategiese Bestuursprogram van die "Association of Commonwealth Universities" het aan die einde van Augustus 2014 in Perth, Australië, plaasgevind. Die werkwinkel het hoofsaaklik op drie onderwerpe gefokus – etiese korporatiewe bestuur, kwaliteitsbestuur en studentesteun. Hoogtepunte van elk van die onderwerpe sal ingesluit word in die volgende drie uitgawes van Kwaliteitnuus.

Wyle **prof sir David Watson**, 'n assessor van die VK, het gepraat oor Etiese Korporatiewe Bestuur, en het sy aanbieding gestruktureer rondom die opvatting van 'n "Hippokratiese Eed" en die ontleding van hoofstuk sewe van sy boek, *The Question of Conscience: Higher education and personal responsibility*. Sir David het daarop gewys dat universiteite dikwels gesien word as 'etiese bakens' wat die weg sal aanwys oor kwessies soos reg en verkeerd en wat etiese gedrag is. Dit is egter 'n siening wat besig is om te verander, tesame met die agteruitgang van die reputasies van universiteite as bakens van deugsaamheid en regskenning. Universiteite is onder konstante politieke en ekonomiese druk en word dus uitgedaag om eties op te tree en om te weet wanneer hulle hulle aan 'slegte gedrag' skuldig maak. Sir David het die volgende 'Tien Gebooe vir Hoër Onderwys' voorgedra om as riglyn te dien vir universiteite in hul strewe na etiese korporatiewe bestuur. Hy het ook gewys op dilemmas wat uit elk van hierdie gebooe voortspruit:

- 1) Die gebod "Streef na die waarheid" gaan gepaard met die dilemma van "Outonomie". Universiteite is in 'n konstante stryd gewikkel vir akademiese vryheid en institusionele outonomie. Faktore soos befondsing kan 'n impak hê op hierdie outonomie en op hul vermeende primêre doel – die ontdekking van waarheid.
- 2) Die gebod "Wees omsigtig met die bepaling van waarheid" gaan gepaard met die dilemma van "Voorspraak". Soos wat universiteite probeer voorspraak maak vir iets en hoe hulle 'n nuwe idee, rigting of ontdekking kan "verkoop" of bevorder, ondermyn hulle dikwels die gedissiplineerde en deeglike benadering wat nodig is om die nodige omsigtigheid aan die dag te lê om die waarheid te bepaal.
- 3) Die gebod "Wees regverdig" gaan gepaard met die dilemma van "Houding". Houding verwys na 'n universiteit se houding jeens gelyke geleenthede, nie-diskriminasie, regstellende aksie en respek vir ander mense. Hierdie kenmerke word – benewens kollegialiteit en beleefdheid – beskou as dinge wat 'n universiteit ten grondslag lê. Universiteite poog deurentyd om onvanpaste houdings teen te werk deur gedragskodes en protokolle.
- 4) Die gebod "Wees altyd gereed om te verduidelik" gaan gepaard met die dilemma van "Aanspreeklikheid". Hoewel 'n universiteit altyd gereed moet wees om verduidelikings en kundigheid te verskaf, kan

Strategic Management Programme Perth Western Australia August 2014



.....

dit lei tot probleme wanneer die sienings van individuele universiteitswerknemers wat nie as kundiges beskou word nie, as sodanig aan die buitewêreld voorgehou word. Die meeste universiteite beskik oor lyste van vakkundiges vir die hantering van medianavrae, maar dit is belangrik om die aanspreeklikheid van elke kundige onder die loep te neem, aangesien daar inherente risiko's en verantwoordelikhede is wanneer 'n spesifieke siening of opinie oor 'n bepaalde onderwerp voorgehou word.

5) Die gebod "Moenie skade aanrig nie" gaan gepaard met die dilemma van "Antisipasie". Wanneer universiteite daarna streef om nie skade aan te rig nie, probeer hulle om probleme of risiko's te antisipeer en die nodige stappe te doen. Hierdie universiteite raak risikovermydend en word in die proses afgeslote eerder as oop.

6) Die gebod van "Kom jou beloftes na" gaan gepaard met die dilemma van "Advertensie". Die vraag is of universiteite altyd lewer wat hulle belowe om te lewer in die bemerkings- en promosiemateriaal wat hulle gebruik.

7) Die gebod "Respekteer jou kollegas, en veral jou opponente" gaan gepaard met die dilemma van "Die wapenwedloop". Hoewel hoër onderwys 'n uiters mededingende omgewing is, funksioneer dit steeds as 'n kombinasie van kompetisie en samewerking. Jou doelwit is nie om jou opponent uit te dryf (soos wat dalk in die klassieke mark die geval kan wees) nie, maar om vooruit te kom deur

na die kompetisie te luister en met hulle saam te werk.

8) Die gebod van "Handhaaf die gemeenskap" gaan gepaard met die dilemma van "Ambience/Atmosfeer". Hoewel universiteite instansies is, word hulle nie eksklusief gedefinieer deur hul eie kenmerke nie – hulle is ook deel van hoër onderwys in die geheel. Dit is 'n globale onderneming met 'n globale gemeenskap en die werk van 'n universiteit m.b.t. die handhawing van die gemeenskap strek veel wyer in die moderne wêreld.

9) Wat die 9de gebod van "Bewaak jou skat" aanbetref, is daar klem gelê op die belangrikheid van toegang tot die universiteit-'skat' en hoe toegang verleen word.

10) Die gebod "Moet nooit tevrede wees nie" gaan gepaard met die dilemma van "Asimptose". Hierdie gebod stel die grootste uitdaging deur deurlopende verbetering binne universiteite te vereis. 'n Vereiste om altyd vorentoe te beweeg, lei tot 'n omgewing onder druk.



MSc.

IN BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA WORD WEER AANGEPRYS

In Augustus 2014 is die vier MSc-programme in Bedryfswiskunde en Informatika in die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) op die Potchefstroomkampus weer deur 'n eksterne paneel ge-evalueer. Hierdie evaluering was in opvolg van 'n vorige eksterne evaluering in 2008 waartydens die programme 'n aanprysing ontvang het. Die eksterne paneel het lede van Nederlandse en Britse universiteite ingesluit, een lid uit Nigerië van 'n internasionale professionele liggaam Professional Risk Managers' International Association (PRIMA) asook lede van Suid-Afrikaanse universiteite en die industrie.

Die Sentrum vir BWI het 17 jaar gelede in 1998 tot stand gekom as 'n vennootskap tussen die universiteit en ABSA. Die Vrije Universiteit van Amsterdam se gevestigde program in BWI het as vertrekpunt hiervoor gedien. Sedertdien het die sentrum 'n eie karakter aangeneem en word daar met verskeie nasionale en internasionale instansies geskakel. Verskeie vennootskappe is ook intussen met die industrie gesluit.

Tydens die driedaagse evalueringsproses het die paneel verskeie besoeke gebring. Tydens 'n besoek aan die Fakulteit Natuurwetenskappe, waarbinne die sentrum en sy programme geleë is, het die direkteur, prof Riaan de Jongh, en die dekaan, prof Kobus Pienaar, die paneel verseker van die sentrum se huidige suksesse en die volhoubaarheid daarvan vir die toekoms. Die eksterne paneel is hiertydens ook versoek om, bo en behalwe die gewone evalueringskriteria, ook spesiale aandag te gee aan die fokus en rigting van die sentrum gesien binne die nasionale en internasionale konteks; skakeling met die industrie en akademiese instellings; sensitiwiteit vir nuwe tendense; die voortgaande

geskiktheid van die opleiding vir die behoeftes van die industrie; en die vlak van tevredenheid van die industrie vir projekwerk gedoen, asook die bestuurstruktuur van die sentrum in die huidige konteks.

Tydens die evaluering het die paneel ook Barclays Hoofkantoor in Johannesburg besoek. Hier het die evalueerders die geleentheid gekry om eerstehands te sien hoe die projekwerk met die oog op 'n MSc-skripsie binne die industrie geskied. Die paneel het die kwaliteit en relevansie van hierdie faset van die opleiding aangeprys en gewys op die deeglike proses om goeie studieleiding en vordering te verseker.

Die paneel het vier van BWI se MSc-grade in Bedryfswiskunde en Informatika in agt van die 11 evalueringskategorieë aangeprys en 'n algemene aanprysing* toegeken. Die paneel was beïndruk met sentrum en die wonderlike werk wat gedoen word om jong mense toe te rus met die vaardighede wat nodig is vir die Suid-Afrikaanse industrie.

Hierbenewens het die paneel ook verskeie waardevolle aanbevelings gemaak, onder meer dat die sentrum die program ook in ander Afrikalande moet bemark.

Kort na afloop van die evaluering het die Kenya School for Monetary Studies die sentrum genader en met gesprekke begin om van hulle studente vir een van die MSc-programme in te skryf en die program op 'n afstandsbasis saam met die sentrum aan te bied.

* 'n Aanprysing is die hoogste evaluering, gevolg deur die "voldoen aan minimum standaard"-evaluering, en die "moet verbeter"-evaluering.



'N KWALITEIT-ONTMOETING VIR BESTUURDERS EN KOÖRDINEERDERS

Van links: Mnr Johan Erasmus (kampuskwaliteitskoördineerder: Potchefstroomkampus – ondersteuningsdepartemente), mnr Schalk Fredericks (kampuskwaliteitskoördineerder: Potchefstroomkampus – Akademiese programme), me Johanna Müller (kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdepartemente), me Antoinette Vermeulen (kwaliteitsbestuurder: Akademiese programme), me Manuela Fernandes Martins (kwaliteitskoördineerder: Vaaldriehoekcampus – ondersteuning en akademies) en dr Eva Manyedi (kwaliteitskoördineerder: Mafikengkampus – ondersteuning en akademies).

Op Woensdag 4 Februarie 2015 het me Antoinette Vermeulen en me Johanna Müller, bestuurders in die Institusionele Kwaliteitskantoor, met die kwaliteitskoördineerders van die drie kampusse vergader.

Tydens hulle ontmoeting is die twee nuut aangestelde kwaliteitskoördineerders, mnr Johan Erasmus (Potchefstroomkampus) en me Manuela Fernandes-Martins (Vaaldriehoekcampus), aan almal voorgestel. Hierbenewens is die kwaliteitsbeplanning vir 2015 op die onderskeie kampusse in oënskou geneem en

is kwaliteitsake bespreek en gesinchroniseer. Hierdie waardevolle skakeling het ook die geleentheid gebied om bande tussen die kwaliteitskoördineerders onderling, asook met die lede van die Institusionele Kwaliteitskantoor, te verstewig.

Met hierdie samekoms het die onontbeerlike en belangrike rol wat die kwaliteitskoördineerders op die kampusse speel, weereens duidelik geblyk – voorwaar kwaliteit-kollegas wat die NWU se hoogstaande kwaliteit verseker.

GARMIN GROEP

WYS DIE PAD!

Dit is almal van ons se taak om deurentyd seker te maak dat ons departemente die regte pad volg...

Juis vir hierdie doel is die Kwaliteitskantoor deel van 'n gespreksgroep, oftewel Garmin-groep, wat sedert 2011 jaarliks byeenkom. Hierdie groep bestaan uit verteenwoordigers van kwaliteitskantore van enige Suid-Afrikaanse universiteit wat daaraan wil behoort.

Die doel van hierdie gespreksgroep is om wedersyds inligting en perspektiewe uit te ruil en oor praktyke, benaderings, resultate en probleme te gesels. Onder andere het die kwaliteitskantoor aanbiedings gedoen oor die volgende:

1. Die praktyk van Oorsigtelike evaluering (Me Johanna Müller) en;
2. "Towards Enhancing Quality Practice – Short Courses – a Reality Check" (Dr Jannie Jacobsz)

Die atmosfeer waarbinne so 'n forum



Garmingroepede luister aandagtig terwyl 'n aanbieding gedoen word oor "die lank en die kort" van kortkursusse by universiteite.

plaasvind, is heeltemal informeel en spontaan en sluit vrywillige aanbiedings, besprekings en tradisioneel ook 'n verrassingsuitstappie in. Daar word gewoonlik hard gewerk, gedink, geredeneer, beplan, gelag, geëet... en aan die einde is almal weer opnuut geïnspireerd vir die gemeenskaplike taak van kwaliteitsversekering.

Hierdie jaar het die Universiteit van Limpopo die reëlings behartig en was kortkursusse en verslagskrywing die fokuspunt.

Die geleentheid is afgesluit met 'n wildkykrit tydens sonsondergang – SONDER 'n Garmin!

KWALITEITS BESTUURDER BESOEK DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS

Op 10 Februarie 2015 het me Johanna Müller, Kwaliteitsbestuurder: Ondersteuningsdepartemente van die Institusionele Kwaliteitskantoor, die Vaaldriehoekskampus besoek en vergader met kollegas wat verantwoordelik is vir die dryf en/of koördinerende van kwaliteitverwante aktiwiteite en/of aksies binne ondersteuningsdepartemente. Tydens die vergadering het sy die statusdokument vir ondersteuningsdepartemente met prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Bepanning, en me Manuela Fernandes-Martins, die kampuskwaliteitskoördineerder, bespreek.*

Wat die kwaliteitsaksies vir 2015 betref, het sy die kollegas gevra om hul Kwaliteitshandleidings by te werk deur gebruikmaking van die nuwe templaats wat nou ook 'n gedeelte oor risikobestuur insluit. Johanna het ook die nuwe selfondersoekvraelys bekendgestel wat deur ondersteuningsdepartemente ingevul moet word ter voorbereiding op die oorsigtelike evaluering. ('n Oorsigtelike evaluering verwys na 'n een tot twee dae lange oop gesprek tussen eweknieë, aan die hand van sekere kriteria en bestaande bewysdokumentasie.)

"Dit is belangrik dat 'n ondersteuningsdepartement gereeld 'n oorsigtelike evaluering moet ondergaan, aangesien die doel daarvan is om inligting en

bewyse te verskaf van die gehalte van die dienste en/of produkte wat 'n departement bied," sê Johanna.

Die volgende ondersteuningsdepartemente op die Vaaldriehoekskampus sal in 2015 aan 'n oorsigtelike evaluering deelneem: Operasionele Bestuur: Koshuise (April 2015), Bemaking en Kommunikasie (Junie 2015), Akademiese Administrasie: Internasionale Kantoor (Junie 2015), en die Sentrum vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling (SVPO) (Julie 2015).

Vir verdere inligting en tersaaklike dokumentasie, besoek asb. die personeelintranet > Kwaliteit: Ondersteuningsdepartemente, of klik [hier](#).

*Me Daleen Gerber, die voormalige kampuskwaliteitskoördineerder, en onlangs aangestelde direkteur van die Skool vir Inligtingstechnologie, was van 2006 tot 2014 instrumenteel in die koördinerende van kwaliteitverwante aksies op die kampus.

